
DEEL 116 | WEEK 20 | 17 MEI 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Ramaphosha wil Ngwathe administrasie teenstaan






*·AfriForum Mediaverklaring 16 Mei 2024*

President Cyril Ramaphosa is 'n party by die hofaansoek om Ngwathe Plaaslike Munispaliteit onder provinsiale administrasie te plaas as gevolg van die gedurige gebrek aan dienslewering en veral die voortslepende waterkrisis. Ramaphosa het nou te kenne gegee dat hy AfriForum se hofaansoek gaan teenstaan. AfriForum het vroeër vandeesmaand hofstukke by die Bloemfonteinse Hooggeregshof ingedien om dié munisipaliteit onder provinsiale administrasie te plaas.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, blyk dit dat Ramaphosa die gebrek aan dienslewering en die verval in hierdie munisipaliteit goedkeur eerder as om in te gryp en toe te sien dat inwoners van veral Parys en Heilbron van water en basiese dienslewering voorsien word. Geen regshulp word teen Ramaphosa gevra nie, hy is slegs as respondent bygevoeg in sy oorsigtelike rol.

In hul hofstukke het AfriForum onder meer aangevoer dat die munisipaliteit daarin faal om 'n veilige en leefbare omgewing vir inwoners te verseker. Die ineenstorting van die munisipaliteit is sigbaar in onder meer:

hul mislukking om die munisipale administrasie te struktureer en te beheer;

die algehele gebrek aan begrotings en enige beplanningsprosesse;

hul mislukking om uiting te gee aan die basiese behoeftes van die gemeenskap; en

hul uiterste mislukking om die maatskaplike en ekonomiese groei van die gemeenskap te bevorder.

Inwoners van Parys gaan al vir jare gebuk onder die gebrek aan skoon water en tans het Heilbron ook baie min water omdat die Ngwathe-munisipaliteit nie hul finansiële verpligtinge teenoor Randwater nakom nie. Dienslewering bestaan in die algemeen nie in die Ngwathe-munisipaliteit nie.

Volgens Pretorius het die Ngwathe-munisipaliteit nog nie aangedui of hulle die aansoek gaan teenstaan nie. “Daar is nog nie 'n hofdatum vasgestel ná die jongste verwikkelinge nie. Die gemeenskap is werklik teleurgesteld in Ramaphosa se besluit om hierdie aansoek teen te staan en ons wag dan vir sy verweer.”







# UIT DIE PEN:



## Week 20

Ek het vir haar ’n naam gegee. Die Standbeeld. Dis die been wat ek moet rondsleep.

Ek het verlede week vertel van die gebreekte been. Sedertdien is die twee van ons onafskeidbaar. Nie dat ek haar iewers kan afhaal en staan maak nie. Sy is onlosmaaklik deel van my. Ek wens so dit was anders.

Die ortopeed het mos ’n plaatjie en ’n klomp skroewe in my fibula ingedraai om die gebreekte been in toom te hou. My boetie vra hoekom daar so baie skroewe is? My goeie man sê dis ’n manier van besparing: as jy ’n pakkie met 12 skroewe by die hardewarewinkel koop, moet jy alles opgebruik, anders mors jy.

Tans mag ek net beweeg vanaf die bed na die badkamer, op my blou krukke. En terug, natuurlik. Die goeters is ongemaklik en ek is bang ek val. Weer. Ek weet nie of jy al die Checkers 60-Sixty advertensie gesien het nie? (60-Sixty is mos die grootste biker club in SA). Daardie advertensie waar dit lyk of Tom Cruise al sy truuks uithaal: dele uit die Missions Impossible, Cocktail, Top Gun en dies meer. Aan die einde van die advertensie hang “Tom Cruise” teen ’n krans. Ek gril sommer as ek dit sien, want as dit ek was, het ek wragtag laat los en my disnis geval. So maak ek my wys.

Ek weet nie hoekom alles waaraan ek tans dink, my aan ’n gevallery laat dink nie? Ek is regtig bang daarvoor. Dis dalk tyd dat ek my hele kop herbedraad daaroor.

Ek lê nou al vir week 2 in die bed. Goeiste, ek het nooit geweet jou lyf word dom van lê nie. Selfs om teen die kussing te lê, is sleg.

Onthou julle die dae toe ons as tieners soos lelle kon lê en selfs aan die slaap kon raak? In enige posisie? Wel, daardie dae is verby.

Ek is nie ’n rugslaper nie. Ook nie ’n vreeslike linkerkantslaper nie. Dis die enigste twee kante waar ek tans mag slaap. Op die rug met my been op ’n hengse groot kussing of op my linkersy met die hengse groot kussing tussen my knieë. Ek voel soos ’n opgepofte seekat waarvan elkeen van die agt arms pyn.

Dankie dat ek die oomblik gegun is om te kla.

Wat sleg is, is dat ek magteloos voel.

Verlede week is my goeie man hospitaal toe. Dit was ’n geskeduleerde prosedure, en ek moes hom soontoe vat. Voordat ek my fibula gebreek het. Gelukkig het iemand hom die oggend kom haal.

Hy bel my net voordat hy teater toe gaan. “Ek bel jou oor drie ure,” sê ek.

Drie ure. Geen antwoord. Drie en ’n half ure. Geen antwoord. Vier ure. Geen antwoord. Vier en ’n half ure. Geen antwoord. En ek is magteloos. Lê op die naat van my rug, kan nie eers binne sekondes in die badkamer uitkom nie, wat nog te praat van ’n kar?

Ek bel later die hospitaal en doen navraag. Ja, sê die saalsuster. Hy is terug vanaf die teater, en hy is okay. Later bel hy my, nog vrot van die narkose. En ek wens ek was daar, want ek moes mos eintlik daar gewees het.

My gryse ou ma is in die ouetehuis, so 20 minute van ons af. Die maatskaplike werker het al met ons die gesprek gehad dat sy na die versorgingskant moet skuif, maar sy wil nie. Ons het al met haar die gesprek gehad, maar sy wil nie.

Maandag laat weet die suster dat my ma geval het. “Ek is jammer, ek kan net mooi niks doen nie. Bel asseblief my boetie.” Hulle maak so.

Die maatskaplike werker bel my: “Sy het baie seergekry. Sy is met die ambulans hospitaal toe.” Ek kan niks doen nie. “Ek is jammer. Bel asseblief my boetie.”

Gelukkig kry boetie haar toe by die hospitaal. Haar x-strale en breinskandering is skoon. (Dankie, Here!) Teen tienuur die aand is sy weer terug by die ouetehuis. Hierdie keer by die versorgingsafdeling.

Ek bel elke dag, praat met die suster. Die suster vertel hoe dit met haar gaan. En dan sluit sy af met: “Kyk mooi na jouself.” Want hulle weet al ek is die een met Die Standbeeld aan haar been. En elke dag wanneer ek soontoe bel, is ek in trane, want ek lê hier en kan presies niks doen nie. O, ja, ek kan iets doen. Ek kan stadig badkamer toe en terug op die twee blou krukke.

Ek wonder vandag of dit is hoe magteloos voel: alles gebeur rondom jou en jy kan niks doen nie. Net lê en kyk. Amper soos ’n slegte fliek wat nooit enige pryse by Cannes sal kan wen nie. Jy het nie eers kans gehad om deel van die dialoog van die fliek te skryf nie, jy weet glad nie wat gaan gebeur nie.

Dan onthou ek. Magteloos voel anders. Ek dink magteloos voel as volg: wanneer jy in George kyk hoe ’n gebou met 81 werkers inplof. En jy kan niks daaraan doen nie. Dis hoe magteloos moet voel.

My innige, innige simpatie aan almal wat deur die George-tragedie geraak word. My grootste dank aan elke reddingswerker en snuffelhond wat gaan help. Aan die mannekoor wat een aand daar gaan sing het. Aan die oom wat met sy trekklavier vir hulle gaan speel het. Aan elkeen wat kospakkies en water uitgedeel het en slaapplek aangebied het.

Dis hoe dit lyk as magtelose mense bymekaar staan en magtig word. Ek dink amper dit is wat Salomo in Spreuke 4 bedoel het.

“Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. ’n Driedubbele tou breek nie maklik nie.”

# What happens to your body when you're smoking



*• Heilbron Clinic*

**20 Minutes after quitting**

The heart rate and blood pressure drop back to normal levels.

**12 Hours after quitting**

The level of carbon monoxide in the blood drops to normal.

**1 - 2 Weeks after quitting**

Circulation and lung function improve.

**1 - 9 Weeks after quitting**

Smoker "norms" like a constant cough and shortness of breath become less pronounced.

**1 Year after quitting**

The risk of getting coronary heart disease is half as high as a smoker's.

**5 Years after quitting**

The risk of contracting mouth, throat, esophagus and bladder cancers is halved.

**10 Years after quitting**

The risk of dying from lung cancer is half that of smoker's. Risk of getting pancreatic and larynx cancer also decreases.

**15 Years after quitting**

The risk of heart disease is equivalent to non- smoker's risk.

Some of us humans are known to have an addictive personality. There are many products like food or other devices that are designed to hook people in so that they will continue buying and using the product. Some of these can even be habitinducing such as: Chocolate, Alcohol, Cigarettes.

Although you probably won't run into that many problems if you eat a lot of chocolate, the other two vices are quite habit-inducing and over time can become harmful to your health, particularly smoking if it's a daily habit. If you're a long time smoker or just starting out, there are a ton of things that change within your body that you might not even have noticed. So, when you decide to quit, your body goes through more changes. Here are things that happen to your body when you quit smoking and what they mean.

**1. BLOOD PRESSURE**

Although it can be difficult to make the decision to quit, it's the best option in the long run. Just 20 minutes after you put down your last cigarette, your pulse and blood pressure will begin to normalize.

**2. OXYGEN**

If you can make it up to eight hours without having a smoke, your body's carbon monoxide levels will being to neutralize in the blood as well as the levels of oxygen.

**3. HEART ATTACK**

After 24 hours, the risks of a heart attack are severely lowered. See how much can change after just one day off of tobacco? Although your irritability levels might be rising by now, your body is beginning to cleanse itself.

**4. SENSES**

Something that you might not have noticed happening to you over the years of smoking, is that your sense perception decreases. After 48 hours off tobacco, you will notice your sense of taste and smell beginning to improve as your nerve ending start to regrow.

# Ngwathe-munisipaliteit moet begroot vir:

## *Padinstandhouding, vullisterreine en dies meer in Heilbron en Parys*

*• AfriForum*

Die AfriForum-takke in Heilbron en Parys het kommentaar op die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit ingedien en aanbevelings gemaak waarvoor dié munisipaliteit moet begroot. Na verneem word is hierdie munisipaliteit al gemaan om eiendomsbelasting in te vorder en aan te wend waarvoor dit bedoel is. Vrugtelose en verkwiste uitgawes moet tot die minimum beperk word.

Die tekortkominge waarvoor die munisipaliteit in Heilbron moet begroot, is:

Die enorme rekening by Rand Water moet dringend aandag kry en daar moet in die begroting voorsiening gemaak word om die skuld op ’n gereelde basis af te betaal.

Die waterinfrastruktuur moet herstel en onderhou word. Daar moet stopkrane en drukkleppe geïnstalleer word om herstelwerk te vergemaklik.

Die paaie wat vol slaggate is moet herstel word en indien nodig, herbou word.

Die vullisterrein is nie net onwettig nie, maar ook nie op standaard nie. Daar moet begroot word om ’n wettige, omgewingsvriendelike vullisterrein aan te lê wat behoorlik bestuur word.

Daar is talle oop erwe en parke wat in ’n haglike toestand is waarvan die eienaars aangespreek moet word. In gevalle waar dié terreine aan die munisipaliteit behoort, moet dit skoongemaak en opgeknap word.

Behoeftes in Parys waarvoor begroot moet word, sluit in:

Die waternetwerk is in ’n haglike toestand met pype wat daagliks bars. Die asbespype moet vervang word en onderhou word. Bevoegde personeel moet aangestel word.

Die kontrakteur by die waterwerke moet betaal word sodat die opgradering van die waterwerke voltooi kan word.

Die elektrisiteitsnetwerk is ook in ’n haglike toestand met ontploffings wat bykans daagliks plaasvind. Daar moet begroot word om die netwerk te herstel en in stand te hou. Bevoegde personeel moet aangestel word.

Die rioolwerke wat nie funksioneer nie moet herstel en onderhou word sodat dit na behore kan funksioneer.

Die paaie is in ’n haglike toestand, daarom moet daar begroot word om slaggate te herstel en waar nodig, die paaie te herbou.

Die vullisterrein is in ’n haglike toestand – tot so ’n mate dat inwoners nie vullis daarheen wil neem nie, wat uiteindelik onwettige vullisstorting tot gevolg het. Die vullisterrein moet volgens voorskrifte opgeknap en reg bestuur word.

Daar word aanbeveel dat die munisipaliteit hierdie aanbevelings in die begroting moet vervat sodat die fondse beskikbaar kan wees om aan hierdie sake aandag te gee.

“Ons hoop werklik dat die munisipaliteit gehoor sal gee aan die takke se aanbevelings vir die begroting, daarvoor sal begroot en die fondse sal gebruik vir die kwessies waarvoor dit begroot is. Ons verstaan dat die verval nie in een jaar reggeruk sal kan word nie, maar daar moet begin word daarmee, anders sal daar nooit vordering wees nie. AfriForum sal kyk wat in die begroting aangebring word en die munisipaliteit tot verantwoording roep,” sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Alta Pretorius: Distrikskoördineerder: Mooirivier
AfriForum - Sel: 081 217 1627
E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za

Ischke van Eeden: Mediaskakelbeampte
AfriForum - Sel: 064 955 3281
E-pos: ischke.vaneeden@afriforum.co.za

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE-
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON, Tel: 058 853 0006

# Pakworks skenk twee watertenks

Ondanks 'n waterkrisis in die dorp het vandaliste 'n AfriForum watertenk beskadig, asook 'n persoon in Oranjestraat se tenk. Dit het nie die instansie afgeskrik om mense in die dorp te help tydens die waterkrisis nie en hulle het vinnig 'n plan gemaak om die tenk te herstel. Pakworks het ook 'n groot gebaar gemaak deur twee splinternuwe tenks aan AfriForum te skenk. Hierdie gebaar is 'n duidelike vertoning van samewerking en omgee vir die gemeenskap. Die nuwe tenks gaan 'n groot verskil maak in die lewens van baie mense en bewys dat deur saam te werk, ons ons gemeenskap kan versterk en ondersteun. Die tenks sal op plekke in die dorp geplaas word waar inwoners wat 'n boorgat het, sal help om water te voorsien.

Baie dankie Pakworks, vir julle waardevolle bydrae tot ons dorp se welstand!



*Op die foto vl: Willie Cronje, André Jansen van Rensburg en Riana Greyling.*

# Pinkster saam met Ds Braam





*Die Huppel Trippel Klub het hierdie week die Pinkster-oordenking wat deur ds Braam van Zyl aangebied is, bygewoon. Die boodskap het 'n ieder en elk aangemoedig om weer diep na te dink oor wat jy glo en oor hoe jy vir jouself sin maak daarvan. Elkeen kon stof tot nadenke kry. Die HT Klub het gesorg vir broodjies en tee ná die diens. Oor twee weke sal die onderwerp handel oor klere wat oor die wêreld gedra word; en wat die betekenis daarvan is. Kom kuier gerus saam... jy gaan beslis iets hoor wat jy nie geweet het nie. Elkeen kan gerus items saambring wat in julle besit is wat uit 'n ver land kom. Dan gesels hulle daaroor en leer by mekaar.*

# INSPIRASIE RESEPTE



**SWEET SHALLOT AND BALSAMIC TARTLET**

Pasch du Plooy

These days shallots are readily available on the market. The flavour can be described as a great mix of yellow and red onions. It's less pungent, a little mild and has great sweetness. It's a great and versatile onion substitute. The versatility of shallots makes it a favourite in our kitchen and this easy tartlet is a great go-to for a light lunch or starter.

Preparation time: 20 minutes | Cooking time: 40 minutes

Serving: 4 tartlets or 1 large tart

**Ingredients for the tart pastry**

300g flour, 1/4 tbs castor sugar
200g unsalted butter, small cubes, frozen
30g grated parmesan or sharp cheddar
120ml Full cream Amazi or cream
2 tsp Maldon salt

**Ingredients for the shallots**

6 large shallots, cleaned
1 clove garlic, grated or finely chopped
1 sprig of fresh thyme, picked
2 tbs balsamic vinegar, 1 tsp brown sugar
Salt and pepper, olive oil

**Method for the tart pastry:** Add the flour, sugar and salt to a blender and mix well. Add the 30g of cheese and blend until well combined and sand-like. Now pulse in the frozen butter until pea-size pieces remain. Remove the flour mix from the blender and mix in the buttermilk until just combined. Form into a rough ball, wrap and place in the fridge for 1 hour. Now remove the dough from the fridge onto a lightly floured surface. Working very fast, roll the dough into a 3 mm tick sheet. The dough will be very crumbly, don't worry about it. Now cut the dough into the correct size rings for your tart casings and fill the casings with your pastry. Press the pastry into your casings and place into the fridge.

**Method for the shallots:** Use a sharp knife and slice the shallots into 1.5 cm thick rings. Make sure to work carefully so the rings do not fall apart. If so, reassemble them. Season the shallots with salt and pepper just before cooking. Heat a pan with some olive oil and place the shallots carefully cut side down in the pan. Brown them both sides without breaking them. Now, add the balsamic, garlic, thyme and brown sugar to the pan and cook until caramelized. Once shallots are cooled, arrange them evenly in your tart casings. Bake your tarts for 25 minutes at 180 degrees or until pastry is brown and crisp.

**How to serve:** Serve at room temperature with a fresh green salad

**Chefs note:** Use puff pastry if you don't have time to make the pastry or make the pastry well in advance and keep it in the freezer to have at hand when needed.







# Plakkate: Reëls verbreek

• *Arnold Schoonwinkel*

Daar is voortslepende onmin in Ngwathe omdat verkiesingsplakkate "van veral sekere partye" wanordelik en selfs onwettig opgesit is in Heilbron. Dit het ook gebeur elders in Ngwathe.

"Plakkate is teen bome vasgespyker, met draad aan stoptekenpale by straathoeke vasgesit, geplak op munisipale transformatorkaste, en sonder verlof geplak op private en munisipale rommelhouers en selfs geboue," sê DA-raadslid Robert Ferendale. Hy sê dis veral met plakkate van die ANC en die EFF wat oortree is. In Parys was dit so erg dat organiseerders van drie politieke partye daar verlede week beswaar gemaak het.

"Ons het ook die nuwe waarnemende munisipale bestuurder, Dr F P Mothamaha, gevra om in te gryp. Die skuldige partye moet onmiddellik hulle talle verkiesingsplakkate op bome, en die ander wat strydig is met munisipale regulasies, verwyder," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel.

Hy sê sowel die ANC as die EFF het in vorige verkiesings op dieselfde wyse oortree, en moes toe ook "kortgevat" word.

"Dit lyk na onbeholpenheid, of na paniek oor hulle kwynende steun."

# Bronnies nou deel van Kleuterzone

Bronnies Kleuterland het onlangs met groot trots aangekondig dat hulle skool nou deel is van die Kleuterzone groep, een van die grootste kleuterskool franchises in die land. Skoolhoof Annemarie Hayward neem besondere trots in die uitmuntende opvoeding wat die skool bied aan kinders. Met 58 kinders in die skool, hanteer sy elke kind met liefde en respek, en dit dra by tot die uitnemende opvoeding by Bronnies Kleuterland.

Daar sal altyd 'n aanhoudende behoefte wees vir opvoeding in Suid-Afrika. Dit is noodsaaklik om 'n verskil te maak in ons toekoms, en dit is waarom Kleuterzone met sorg saamgestel is om die beste resultate te lewer. Die uitstekende terugvoer van laerskole bevestig die geloofwaardigheid van ons kleuterskole en wys op die waarde wat hulle bydra tot die onderwysstelsel.

Die toevoeging van Bronnies Kleuterland tot die Kleuterzone groep is 'n ware viering van opvoeding en die groei van ons toekomstige leiers. Dit toon aan dat deur saam te werk en die beste opvoeding te bied, ons 'n beter en helderder toekoms vir ons kinders kan skep.


GROEP VAN SKOLE WAAR DROME BEGIN
Kleuter Zone
GROUP OF SCHOOLS WHERE DREAMS BEGIN





# Morsjors tel op jou papiere!!!

Heilbron lyk die laaste tyd baie onaansienlik met vullis en rommel wat die strate oorweldig, veral met maandeinde. Hierdie sorge het egter nie ongemerk verbygegaan nie. André Coetzee het besluit om aksie te neem en 'n beweging te begin om Heilbron skoon te hou. Hy het 'n groep gestig genaamd Heilbron Selfdoeners. Die inisiatief het die harte van inwoners geraak, wat nou saamstaan om die dorp se netheid te herstel. Hierdie groep mense doen dit uit hul eie beursies, sonder om enige vergoeding te verwag. Hulle het reeds vroeg in die week begin om die strate skoon te maak, van die opruiming van rommel tot die sny van gras. Hierdie daad van toewyding en liefde vir ons dorp is roerend. Die doel is duidelik: om Heilbron weer trots te maak en die gemeenskap te herinner aan die waarde van 'n skoon omgewing. Met elke stukkie rommel wat opgetel word, groei die hoop vir 'n skoner en gesonder omgewing vir almal. Laat ons almal hande vat en ons dorp mooi hou. Morsjors tel op jou papiere, 'n skoon omgewing bring trots in ons harte!









# Platteland Apteek borg rugby truie



*Die onder 11-rugby seuns van Hoërskool Heilbron spog met nuwe rugbytruie geborg deur Jolien Engelbrecht van Platteland apteek. Agter vl: Jolien Engelbrecht, Stiaan Boshoff, Luan Borman, Aiden Hayes, AC Zitzke, Rudie Jonker, Reatlehile Mbatha, Antonie Mouton en Divandré Lombard. Tweede ry: PL Snyman, Liam Snyman, Jano Crafford, Bobo Semela, Mewe Els, Christiano Pietersen en Jurgens Botha. Derde ry: Wilhelm Dreyer, Owethu Bucibo, Luca Lesch, Henré Weilbach, RJ Muller, Cornel Steyn, PJ Meiring en WC v Niekerk. Voor van links na regs: Armand Kruger en Macky Mouton.*

*Hoërskool Heilbron*

**TYDELIKE AANSTELLING**

- Natuurwetenskap & tegnologie Gr. 4-5
- Lewensoriëntering Gr. 7-9
- Wiskundige Geletterdheid Gr. 10

**Dokumentasie benodig saam met CV:**


- Matrieksertifikaat
- Onderwysgraad-/diploma
- Akademiese rekord
- Sport- en Kultuursertifikate
- SACE-/SARO-Sertifikaat
- Identiteitsdokument

**BEHEERLIGGAAMAANSTELLING**
**Aanvangsdatum:**
**9 Julie 2024 - 31 Oktober 2024**

Sluitingsdatum: 31 Mei 2024 om 12:00

Rig volledige aansoek aan:
**Navrae: Mnr Johnny van der Merwe**
**Tel: 058 852 3007**
**E-Pos: johnny@hsheilbron.co.za**



# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **002771/2024**
Surname: **Le Roux**
First Names: **Fransiska**
Date of Birth: **1933-11-16**
ID Number: **331116 0039 085**
Last Address: **Huis Silwerjare Retirement Home, 1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State Province**
Date of Death: **2024-02-14**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Amanda Botha Attorneys**
Address of Executor or Authorised Agent:
**804 TERBLANCHE STREET, RIETFONTEIN, PRETORIA, 0084**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**ADVERTISER NAME:**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**804 TERBLANCHE STREET, RIETFONTEIN, PRETORIA, 0084**
**ADVERTISER E-MAIL:**
**amanda.botha@amandabotha.co.za**
**DATE SUBMITTED: 2024-05-09**
**ADVERTISER TELEPHONE: 082 775 7256**
**Publication in the Government Gazette on: 2024-05-17**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle **CHRISTOPHER CHARLES SMITH,** Boedelnommer 000853/2024, Identiteitsnommer 370404 5018 08 6 wat gewoonlik woonagtig was te 6 De Straat No. 96, Heilbron en wat te Heilbron op 12 Augustus 2023 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 13 de dag van Mei 2024.
**J.H JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890,**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: MEY3/0001/JHJ/cm**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T49652/2000** gepasseer deur **HEILBRON / PHIRITONA OORGANGS PLAASLIKE RAAD** ten gunste van **ELSEY ZAKHALI MANOKO,**
Identiteitsnommer: **590826 0683 086** ten aansien van sekere **ERF 637 SANDERSVILLE (UITBREIDING 3), DISTRIK HEILBRON PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 325 (DRIE HONDERD VYF EN TWINTIG)** vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 3 dag van Mei 2024.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: KERKSTRAAT 40, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T43395/2000** passed by **HEILBRON/ PHIRITONA LOCAL TRANSITIONAL COUNCIL** in favour of **JEREMIAH TEBOHO DUITLUILENG Identity number: 701230 5346 080** in respect of certain **ERF 4524 PHIRITONA (EXTENSION 5), DISTRICT HEIBRON, PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 300 (THREE HUNDRED) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
Al interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 8th day of May 2024.
**APPLICANT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: aktesa@corven.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2035**

Onthou Vadersdag
Sondag, 16 Junie 2024




Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033


# TE HUUR - TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# FLU-VACCINE

*• Heilbron Clinic*

Available at you own clinic for free.








# FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National


Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskapkoerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.

Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| 1 Jun | Bronnies Gholfdag |
| 2 Aug. | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 3 Aug. | BoereTreat |
| 17 Aug. | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 31 Aug. | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.viehessentrail.co.za
HESSENTRAIL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*




# HERALD *Sport*


## WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00

VRYDAE: 07:30 - 16:30

SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



HEILBRON GHOLFKLUB

Host your SPECIAL EVENT at our Club Hall

Cutlery, Cash Bar Tables & Chairs are included

Enquiries: Can be made at Club Or WhatsApp: 082 940 3183

Visit our Facebook page for previous event photos

T&C Apply



BRONNIES kleuterland

Gholfdag

1 JUNIE

GROOT pryse te wen

INSKRYWINGS/ NAVRAE
Annemarie
072 745 6675

Potjiekos kompetisie R100 inskrywing

R450 per persoon
Two ball American scramble
10:00 - 11:00
Heilbron Gholfklub

Addisionele etes: R100 elk
Hamburger: R40 elk
Bring die hele gesin saam!
Vermaak vir kinders





PLOEG SE MOER

VISVANGWURMS R50 PER BAKKIE

ERDWURMMIS R400 VIR 20L

SLEGS OP BESTELLING

076 813 2751 /ploegsemoer



Laser Cutter & Engraver

NOW AVAILABLE AT HEILBRON HERALD

Heilbron Herald now has high-speed precision cutting. From prototyping to full-scale manufacturing, this laser can cut and engrave quickly and accurately.

Being able to cut and engrave many materials, such as:
- MDF (Pressed Wood),
- Plywood,
- Plastic,
- Plexiglass,
- Mfoam,
- Cardboard,
- Leather, etc

44 Els Street, Heilbron



NOW ON PROMOTION

WHILE STOCKS LAST | VALID UNTIL 31 MAY 2024

Optimizor Premium Adult 20 kg R480

African Water Tank Sahara/Green 2 500 L R2 400

Franklin Pressure Pump AQD 60M+AQD01 CONTR 0.37KW 230V R1 250

Only available at VKB Heilbron.

www.vkb.co.za | for the LOVE of the LAND
31 Paradys Street, Heilbron | Tel: 058 852 3499



PitStop vir Jesus

saam Jan Curtin

Gratis Ingang & Ete
15 Junie 2024
NG-Suid Kerksaal,
Heilbron om 13:45

Bespreek teen 12 Junie
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775





BOERE BANDE

Our quality is our pride!

24/7 SERVICES

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866



BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 MEI 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 21 MEI 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

OHRIGSTAD: BRONRICH BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, Bronrich
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 22 MEI 2024**

REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

ORANJEVILLE: STELENA SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, Nooitgedacht
Kontak JD Steyn 072 877 6984

**DONDERDAG - 23 MEI 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 24 MEI 2024**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za